# NOTULE

**Die notule van 'n vergadering is 'n kort amptelike verslag of weergawe van die gebeure tydens die vergadering en bevat besluite, dikwels woordeliks, wat op die betrokke vergadering geneem is. Notules word in 'n notuleboek bewaar en is die amptelike optekening van die geskiedenis van 'n organisasie. Dit kan in hofsake as getuienis gebruik word.**

**Die notule bevat dieselfde elemente as die agenda. 'n Agenda sê wat gedoen gaan word; 'n notule sê wat gedoen is.**

- ✏ **Die notule van 'n vorige vergadering moet gelees, goedgekeur, en onderteken word. 'n Gesirkuleerde notule word op voorstel van 'n lid en gesekondeer deur 'n tweede as gelees beskou en bekragtig. 'n Notule is eers wettig as dit deur 'n voorsitter onderteken en gedateer is.**
- ✏ **'n Sekretaris moet sy diskresie gebruik en nie allerlei grappies en staaltjies notuleer nie.**
- ✏ **As daar niks ter tafel gekom het nie, notuleer die sekretaris by Algemeen slegs die woord GEEN.**
- ✏ **Die notule word in die indirekte rede geskryf.**

**Hoërskool Jip de Jager matriekafskeidkomitee**

Notule van die derde vergadering van die bogenoemde komitee gehou op Donderdag, 25 Februarie 2008 in die laboratorium.

1. Opening en verwelkoming: J. Meyer open die vergadering en verwelkom die aanwesige lede.

2. Teenwoordig: Die voorsitters, J. Meyer en C. du Plessis, en 20 lede volgens die bywoningsregister.

3. Verskonings: Mev. E. Malherbe en W. Kleynhans

4. Notule van vorige vergadering: Die notule van die tweede vergadering word gelees, goedgekeur en onderteken.

5. Sake uit notule: Geen

6. Voorsitersverslag: C. du Plessis lees die voorsittersverslag oor die komitee se werksaamhede sedert die laaste vergadering. Sy wens die komiteelede geluk met hulle vordering. Die verslag word met dank aanvaar.

7. Finansiële verslag: Aangesien elke lid van die komitee 'n afskrif van die finansiële verslag ontvang het, word dit as gelees beskou. Uit die verslag blyk dit dat die komitee se geldsake gesond is. Op voorstel van Mev. Blom, gesekondeer deur Mnr. Fransman, word die verslag met dank aan die tesouriere aanvaar.

8. Algemene sake word bespreek: Borge, die nooi van sprekers vir die sjampanjeontbyt. Lede word versoek om borge en sprekers vir die sjampanjeontbyt as fondsinsamelingsprojek te probeer kry.

9. Datum van volgende vergadering: Dinsdag, 3 Mei 2008.

10. Afsluiting: Die voorsitter verklaar die vergadering gesluit om 17:30.

Goedgekeur te .....
Datum.....
Voorsitter.....
Sekretaris.....